**12 April** **Skrifgedeelte: Psalm 139:1-6**
**HK, Vraag 102**

## God ken die waarheid

Daar is twee redes waarom mense by iets of iemand anders as God wil sweer.
Die eerste is omdat hulle wil lieg terwyl hulle tog die skyn van waarheid wil voorhou. Die Fariseërs het dit ook gedoen en gedink dat hulle skotvry daarvan sou afkom. Christus het egter hierdie huigelary ontmasker en verdoem (Matt 23:16-22). God is God van die waarheid en verwag altyd die waarheid van die wat aan Hom behoort.
Die tweede rede waarom mense by iets of iemand anders sweer is ’n valse vroomheid. Hulle wil dan sogenaamd nie God se tyd mors met hulle sake nie. Daarmee ontken hulle egter dat die alwetende God in elk geval elke gedagte van die mens ken en alles van ons lewens weet. Hulle ontken daarmee ook dat God in sy voorsienigheid by elke detail van my lewe betrokke is.
Daarom, as jy ’n eed moet aflê, erken die ware God as die enigste kenner van jou hart en eer Hom voor die wêreld deur dit by Hom af te lê.
*Sing: Psalm 139:1, 12* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~